DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

4 Julie 2021

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

**EREDIENS** **Geen erediens agv die Covid inperking.**

**Skriflesing** Psalm 33 en NGB Art 13

**Tema** Hoe werk die voorsienigheid van God?

1.Die dwalinge en die verwerping daarvan. In die dogmageskiedenis onderskei ons baie dwalinge. Ek noem 'n paar. Die **Deïste** leer dat God die wêreld wel geskape het, maar daarna sy eie gang laat gaan. Hy is dus 'n onbetrokke God. Die **Panteïste** leer dat God opgaan in sy skepping, die skepping is god. Die **Epikureërs** het geleer dat God Hom met niks bemoei nie, maar alles net so aan die toeval oorlaat. Die **Stoïsyne** praat van die noodlot. Die **materialiste** stel net in die materiële dinge belang sonder God en sy gebod. Die **Ateïsme** sê dat God nie bestaan nie en erken Hom dus ook nie. Hoe kan dit dan ook nie anders dat die uiteindelike "**nihilisme**" na vore kom nie? Alles is vir hulle leeg, sinloos en niksseggend. Maar wat leer God ons in Sy Woord?

2. Die Raad van God. In die Bybel kry ons nie die woord "voorsienigheid" nie, maar die inhoud is oral in die Bybel. Die inhoudelike betekenis kom op verskeie maniere voor. Die een betekenis is "om vooruit te sien", die ander is "om in nood te voorsien" en die ander is "dat God alles volgens sy Raadsplan bestuur en beskik". Hiervan het ons voorbeelde in die Bybel: Hand. 2:31 "Hy het, omdat hy dit vooruitgesien het, gespreek…" en Fil. 2:23 "Ek hoop dan om hom dadelik na julle te stuur, so gou as ek sien hoe dit met my sal gaan". Die woord "vooruitsien" laat egter die moontlikheid oop dat God wel vooruit kan sien soos 'n fortuinverteller, maar nie beheer daaroor het nie. Dít is nie die regte betekenis nie. Wanneer ons van die "voorsienigheid" praat, dan besef ons dat ons by die begin moet begin, by die skepping.

Die skepping is die begin van God se sigbare werk. Daarna volg die opvolg daarvan, in die voortsetting van God se werk, en dit is die voorsienigheid van God. Die skepping gaan oor die skep uit niks en die voorsienigheid gaan oor dit wat reeds bestaan. Sodra die ware geloof uit die Skrif dat God die Skepper is, in 'n mens werk, kan ons nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat God die regeerder en onderhouer van alles is nie. So het Dawid al gesê dat die wêreld deur God geskep is en onmiddellik gaan hy oor tot die ononderbroke voortgang van Sy voorsienigheid: Ps. 33:6 "Deur die Woord van die Here is die hemele gevestig en deur die Gees van sy mond al hulle krag." En dan voeg hy by : "Die Here het neergekyk op die mensekinders". Voor die grondlegging van die wêreld het God in sy ewige, onveranderlike en wyse Raadsplan, alles wat op die aarde sal gebeur, in besonderhede reeds vasgestel. Alles gebeur dus soos wat God dit van ewigheid af beskik het . Weer word in Psalm 33 verkondig: v 11 - "Die raad van die Here bestaan vir ewig." Die "voorsienigheid" is die uitvoering van die Raad wat God van ewigheid af beskik het. Dit is die almagtige, alomteenwoordige krag van God waardeur Hy sy Raadsplan uitvoer. Dit vind plaas langs die weg van onderhouding en regering. Hierby kom die medewerking van die mens ook in.

3. Die onderhouding, regering en medewerking. Die onderhouding is die versorging van die skepping sodat alle dinge kan bly voortbestaan. God regeer met "soewereine" – "alleen" mag oor alle skepsele. Die regering vind plaas volgens die wette wat Hy vir elke terrein van die lewe gegee het. Hierdie wette kan nie strafloos oortree word nie. Daarvoor gee die Here volgens Rom 13 regerings. Hy stel hulle persoonlik aan. Die Here gee aan ons die Bybel, sodat ons moet weet wat God se wil en wette is. Die Here roep mense om in sy diens te staan. Die dienste bestaan soos die NT dit verkondig uit die diens van die gelowige, die diens van die diaken, die diens van die lerende ouderling (= predikant) en die diens van die regerende ouderling.

4. Die troos van die voorsienigheid. Die belydenis van God se voorsienigheid is vir ons 'n geweldige troos. Niks kan ons uit Sy hand ruk nie. Alles kom uit sy Vaderhand ons ten goede. Rom. 8:28 "Vir hulle wat God liefhet werk alle dinge ten goede mee" (1953-vert). Die troos is dat niks per toeval oor ons kan kom nie, maar wel deur die beskikking van ons hemelse Vader. Ons Vader waak oor ons en alle skepsele met Sy Vaderlike sorg sodat nie een haar van ons hoof op die aarde kan val sonder die wil van ons Vader nie. Sonder die Here se toelating en wil, sal geen skade ons aangedoen kan word nie. Die duiwel kon so baie met Job doen, maar hy was net tot so ver deur God toegelaat en niks verder nie. Die Satan was nie toegelaat om Job se lewe te neem nie. As ek dus waarlik glo dat God alles regeer en onderhou, kwel ek my nie oor die dag van môre nie. Daarom soek ons elke dag eerder die koninkryk van God en ons weet Hy sorg vir die res (Matt. 6:33). Die Grootste troos is natuurlik die verlossing wat ons in Jesus Christus kry. Hy het Sy lewe gegee vir ons. Jesus Christus is volgens God die Vader se voorsienigheid na die aarde gestuur met die doel om ons van die Satan, die sonde en die ewige dood te bevry. Is dit nie wonderlik nie!?

God het volgens Sy Raadsplan 'n plan met ons. Ook tydens die pandemie. Niks gebeur met ons sonder dat die Here dit beskik nie. Vandag verseker die Here ons van 'n ewige toekoms in Christus - 'n toekoms van leiding en bewaring van God die Heilige Gees - 'n toekoms in die holte van God se hand. Weet dat die Here sal voorsien in al ons behoeftes, liggaamlik en geestelik. Hy versorg en lei ons op Sy lewenspad. Volg Hom en glo met jou hele hart dat Hy die Almagtige Skepper van hemel en aarde is.

# ODE VIR ONS DOMINEE EN SY GESIN

Ds. Sarel en Tialeen, ek kyk saam met ons gemeente vyftien jaar terug toe jy en Tialeen met twee kinders by ons opgedaag het. Die Reitz-gemeente het nog by ons gespook en ons moes baie stoei om die huis in Bendorrylaan in orde te kry.

Vir ons almal n aanpassing met n nuwe pastoriepaar en ander sieninge. Met die tyd het die liefde vir julle as huisgesin gegroei en is goeie geloofsbande gebou. Ons sal onthou hoe Tialeen moeites doen om almal in die gemeente te ken en te groet.

Daar kom toe n vraag op die agenda oor die moontlikheid van saamesmelting met G.K.Suid. Daarna vegadering op vergadering met die kerkraad van G.K.Suid totdat n ooreenkoms bereik is. Nou is ons een gemeente met baie nuwe lidmate wedersyds om te leer ken.

Intussen word julle kinders groot en studeer in hulle onderskeie vakrigtings.

Nou het n virus op ons afgestorm en sommige seergemaak. Ons dink aan jou wat hierdie beproefde tyd met die gemeente deurmaak. Met alles bly ons nogtans onder ons Verlosser se hand.

Na al die tyd deur God se hand geniet ons die suiwerheid en kennis van God se woord wat u deur die preke, bybelstudie en dagstukkies aan ons oordra.

Ek is oortuig die gemeente se saam met my dankie vir julle saamwees as gesin. Ons glo julle sal nog lank met ons wees onder die seenende hand van onse Here.

Groete van die Gemeente.

# OOG VIR MEKAAR



* Met leedwese maak ons bekend dat Joey Smit op 1 Julie 2021 oorlede is. Mag die Here haar geliefdes vertroos.
* Ons bid vir almal wat in nood verkeer. Mag die Here ons in ons geloof versterk en ons deur die komende tyd bewaar en dra. Ons het die sekerheid dat ons lewe in God se hand is.
* Lidmate moet asb kennis neem dat daar tans GEEN Bybelstudie sal wees nie. Bybelstudie sal weer later hervat sodra die inperking dit weer toelaat, hou dus die Basuin dop.

# DIAKONIE

Graag versoek ons lidmate wat **lemoen en groente sakke** het om die ASB by die kerkkantoor in te gee, ons benodig dit om die groente skenkings in te verpak.

# KERKRAAD

Ter approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderling en diaken:

**Ouderlinge:**
Phillip Van Der Walt

**Diaken:**
Roelof Venter



*GEDAGTE VIR DIE WEEK*

*God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak. Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen.*

*1 Petrus 5 : 10 & 11*



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 4 Jul | Fred Potgieter | 19 | B | 060 528 1997 |
| Di 6 Jul | ***Cas Du Plessis ***** | ***89*** | B | 061 548 5156 |
| Wo 7 Jul | Johan Maritz | 41 | B | 082 556 1956 |
| Do 8 Jul | Marietjie Venter<br>Annika Kotze<br>Jan-Phillip Hoogendyk | 62<br>14<br>1 | B<br>D<br>D | 082 932 9206<br>082 398 0114<br>082 921 1621 |
| Vr 9 Jul | Gerdien Kuijpers | 68 | B | 082 888 3384 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 7 Jul 1979 | Cassie & Rietha Carstens | 42 | 081 354 3400<br>072 453 9747 |

## KONSISTORIEDIENSBEURTE

**Diensbeurt:** Wyk

**Katkisasie:**

**Ouderling:**

**Diaken:**

## TEESKINKBEURTE

**4 Julie 2021** GEEN koffie of tee sal bedien word na die erediens nie



**11 Julie 2021** GEEN koffie of tee sal bedien word na die erediens nie.


**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**


## DATUMS OM TE ONTHOU

Lidmate moet asb kennis neem dat daar tans **GEEN** Bybelstudie sal wees nie. Bybelstudie sal weer later hervat sodra die inperking dit weer toelaat, hou dus die Basuin dop.

## BASUIN PLASING


As enige lidmate 'n betroudare bediende soek (Woensdae beskikbaar) kan hulle die kerkkantoor skakel.


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 120 826.00
R 174 185.34
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
MRT
APR
MEI
R 36 533.50
R 50 317.40
R 41 630.70
R 22 141.76
R 23 858.80
R 35 979.75
R 36 064.00
R 27 227.60
INKOMSTE
UITGAWES


BASAAR
SATERDAG OGGEND
28 AUGUSTUS 2021
08:00
BOERE ONTBYT
Vleis
Pannekoek & koffie
Kerrie & rys
Witolifant
NEEM KENNIS !!!!
TENTATIEWE DATUM
Gereformeerde Kerk
Pietersburg
h/v Mcdonald- &
Erasmusstraat
Navrae Daleen 0794902678 / Johan 0825561956

# GEMEENTEKAMP



*Chalet Grootte*

1 x DB Bed en 1 Enkel bed R 2 000.00 (4)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed en 3 Enkel bed R 2 500.00 (1)
4 x Enkel Bed R 2 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00 (1)
2 x Enkel Bed R 1 500.00 (1)
1 x DB Bed R 1 500.00
5 x Enkel Bed  R 2 500.00 (3)
11 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (5)
10 x Bunk Bed (Eie beddegoed) R 300.00 p/p (2)

*Karavaan en Kamp plekke*

R 900.00 vir 4 persone /
ekstra persone 'n 2 de staanplek of
R 300.00 p/p

**Vanaf 23 tot 26 Sept by Jabuwoni**

**Voorkom teleurstelling bespreek NOU!!!**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651 | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581 | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Ons vertrou op die Here:*
*Hy is ons hulp en ons beskermer.*
*Ja, in Hom is ons hart bly,*
*op sy heilige Naam vertrou ons.*
*Hou u liefde oor ons, Here,*
*want ons stel ons vertroue in U.*

*Psalm 33: 20 - 22*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS